**NETBALBELEID:**

1. <u>INDELING VAN SPANNE, AFRIGTERS, SPANBESTUURDERS EN MINI-NETBAL ORGANISEERDER</u>

1.1 Die indeling van spanne en afrigters word jaarliks deur die netbalhoof in samewerking met die sporthoof gedoen. Die volgende word in ag geneem:

- Kwalifikasie van afrigter
- Prestasie van span(ne)
- Ondervinding met spesifieke ouderdomsgroep
- Entoesiasme
- Beskikbaarheid

Hierdie indeling sal jaarliks hersien en indien nodig aangepas word.

1.2 Daar word aanbeveel dat dieselfde afrigter wat die o/12A span afrig, ook vir die daaropvolgende jaar beskikbaar sal wees om die o/13A span af te rig.

1.3 Afrigters moet gereeld gradeer en die jaarlikse reëlbespreking bywoon.

2. <u>STUDENTE EN HULPAFRIGTERS</u>

2.1 Daar mag van buite-afrigters gebruik gemaak word wat hoofsaaklik studente is.

2.2 Ouers mag afrig, maar nie by spanne waarby hul eie kinders betrokke is nie.

2.3 Studente-afrigters moet gekwalifiseerd wees om spanne self te kan skeidsreg.

2.4 Studente-afrigters moet tydens wedstryde beskikbaar wees. Indien dit nie moontlik is nie, moet ‘n vooraf reëling getref word oor wie verantwoordelikheid oor die span het gedurende die wedstryd.

3. SPANBESTUURDERS

3.1 Seniorspanne wat aan toernooie deelneem mag van 'n spanbestuurder gebruik maak.

3.2 Dit is die afrigter, in samewerking met die netbalhoof, se besluit wie aangestel word as spanbestuurder.

3.3 Hierdie spanbestuurder mag nie 'n ouer van een van die speelsters in die betrokke span wees nie.

3.4 Pligte van die spanbestuurder behels die volgende en tree in werking sodra die uitspeelwedstryde aanvang neem.

- Administrasie van die betrokke span.
- Verantwoordelik vir die telling- en tydhou tydens wedstryde.
- Hulpverlening tydens opwarming.
- Algemene en emosionele welstand van die span.
- Verantwoordelik vir die hantering van die noodhulp tas.

Spanbestuurders moet dus deeglik bewus wees van wat hierdie verantwoordelikhede behels.

4. PROEWE

4.1 Skoolproewe word aan die einde van die vierde kwartaal gehou in al die ouderdomsgroepe.

4.2 Dogters wat die vorige jaar in die A-, B-, C- en D-spanne gespeel het, is welkom om aan hierdie eerste rondte proewe deel te neem.

4.3 Die nuwe afrigters van daardie spesifieke ouderdomsgroep skommel die spanne en hou proewe met die speelsters.

4.4 Twee groepe word na afloop van hierdie proewe gekies:

- A- en B-groep
- C- en D-groep

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.co.za | www.tjokkies.co.za

4.5 Die finale proewe vir die kies van die toerspan word in die eerste kwartaal van die nuwe seisoen gedoen.

4.6 Dogters word streng volgens hulle ouderdomme gekies.

- Indien ‘n dogter in die jaar 7 word, moet sy gekies word vir een van die o/7-spanne.
- Dit gebeur soms dat ‘n graad 1-dogter wat 8 jaar oud word in een van die o/8-spanne gekies moet word.
- Dogters mag nie in ‘n laer span speel as wat haar ouderdom is nie!

4.7 Geen o/14-dogter mag vir die skool se spanne gekies word nie. Dogters moet in so geval aangemoedig word om by ‘n hoërskool van hulle keuse in te skakel.

## 5. <u>SPANVERKIESING</u>

5.1 Die kies van die finale spanne sal in die eerste kwartaal geskied deur die afrigters van daardie spesifieke ouderdomsgroep.

5.2 Afrigters kan van buite keurders gebruik maak om hul te help met die proewe.

5.3 Indien ‘n speelster se vaardighede nie pas by die spelpatroon nie, mag die afrigter die speelster met ‘n ander speelster van dieselfde ouderdomsgroep uitruil.

5.4 Vir ligawedstryde word die sterkste speelsters gekies en mag speelsters slegs geruil word in geval van ‘n besering soos vereis deur SA Netbal. Dié riglyne vanaf Netbal SA moet duidelik aan ouers verduidelik word aan die begin van die seisoen tydens die netbal inligtingsaand om enige ongelukkigheid met die skool in die verband te verhoed.

5.5 D-spanne mag ekstra speelsters akkommodeer deur speelsters op ‘n rotasie basis uit te ruil vir wedstryde.

## 6. <u>AFWESIGHEDE</u>

Indien ‘n speelster siek/beseer is met ‘n geldige mediese sertifikaat, kan die afrigter enige speelster vra om te speel indien daardie speelster van ‘n laer span is.

7. OEFENINGE

7.1 Oefeninge word vasgestel aan die begin van elke seisoen en word op die kwartaalikse buitemuurse rooster aangedui.

7.2 Dogters wat gedurende die eerste kwartaal betrokke is by atletiek, swem, tennis en skaak moet voorkeur geniet by dié sportsoorte.

8. OEFENTYE

8.1 Gedurende die netbalseisoen word daar op Maandae en Woensdae vir 'n uur op die baan geoefen soos op die buitemuurse rooster aangedui is.

8.2 Ekstra fiksheidsoefeninge ens. mag op die gras beoefen word buite die vasgestelde tye.

8.3 Donderdae middae word uitgesit vir ligawedstryde, maar indien daar nie op die betrokke Donderdag geskeduleerde wedstryde sou plaasvind nie, word die Woensdag-rooster herhaal.

8.4 Afrigters moet hou by die oefentye soos aan hulle gegee.

9. KLINIEKE

9.1 Indien daar klinieke gereël word, moet dit binne die oefentye val of dit kan gedurende 'n beskikbare naweek gereël word.

9.2 Daar moet verkieslik klinieke vir alle spanne gereël word.

9.3 Wanneer daar geskuif word a.g.v. bv. reën, moet daar gelet word op botsings.

9.4 Laer spanne kan bv. 'n dagkliniek hê en sekere vaardighede inoefen. Daar word aan alle spanne aandag gegee en so word vaardighede verbeter.

10. BELANGRIKE PUNTE VIR AFRIGTERS:

10.1 Wees altyd betyds by die oefeninge.

10.2 Wees voorbereid vir elke oefening/wedstryd.

10.3 Goeie dissipline moet gedurende die oefening/wedstryd heers.

10.4 Afrigters verteenwoordig die skool en moet dus ten alle tye die naam van die skool beskerm. Afrigters moet sover moontlik nie met skeidsregters, ouers of afrigters/onderwysers van ander skole in argumente betrokke raak nie.

10.5 Gemaklike oefenklere moet deur die afrigter en speelsters gedra word.

10.6 Afrigters mag slegs met tekkies (sportskoene) op die baan gaan. Geen hoë hakke word op die netbalbane toegelaat nie.

10.7 Afrigters wat ‘n probleem ondervind met hul eie kind (toesig) mag in uitsonderlike gevalle hul kinders na die oefening bring. Kinders mag egter nie op die baan gaan terwyl daar besig is met afrigting nie.

10.8 Indien ‘n afrigter weens uitsonderlike omstandighede nie die dag ‘n oefening kan bywoon nie, kan die oefening gekanselleer word, mits dit betyds aan die speelsters en ouers deurgegee word. Lig die kantoor, asook jou oefengroep, in rondom hierdie reëling indien ouers die skool sou kontak.

10.9 Buite-afrigters wat nie by die oefening kan wees nie moet betyds by die netbalhoof en Direkteur van Sport verskoning maak en dan self iemand in haar plek stuur soos uiteengesit in die studentekontrak.

10.10 Indien ‘n afrigter nie ‘n wedstryd kan bywoon weens omstandighede nie, moet ‘n kollega u span namens u hanteer. Ongelukkig geen ouers nie. Die netbalhoof is verantwoordelik vir hierdie reëling.

10.11 Na afloop van elke oefening/wedstryd is die afrigter en speelsters verantwoordelik vir die netheid van die betrokke baan. Alle papiere, bottels en klerasie moet verwyder word. Slegs waterbottels word op die bane toegelaat.

10. <u>KLINIEKE, TOERE EN KLERASIE</u>

10.1 Slegs o/10 tot o/13-spanne mag aan toere of toernooie deelneem. Ander ouderdomgroepe mag wel hul eie klinieke op die skoolbane aanbied.

10.2 Klerasie vir hierdie toergroepe moet in oorleg met die klerebeleid wees.

(Let op na riglyne van senior spanne)

10.3 Slegs o/13A dra eerstespan klere.

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.co.za | www.tjokkies.co.za

10.4 Alle ouderdom spanne mag slegs met haarrekkies, "cooling towels", waterbottels en 'n waterbottel-drahouer vir die span geborg word.

10.5 Tydens toere en toernooie waar daar 'n koste implikasie ter sprake is wat deur die ouers betaal moet word, moet die reserwes speelkans gegee word. Hierdie reserwes moet ten minste die helfte van die totale aantal speeltyd geleentheid gegee word om ook hul spel te ontwikkel.

10.6 Met Nasionale en Provinsiale uitspele waar die span betrokke is en die skool die kostes daarvan dra, moet die sterkste beskikbare speelsters gekies word. Die reserwes moet slegs geruil word in geval van 'n besering volgens die toernooi reëls.

11. <u>ANDER PLIGTE</u>

11.1 'n Werksverdeling met sekere verantwoordelikhede word jaarliks opgestel. Afrigters word op 'n rotasie basis gebruik en moet toesien dat hul hierdie pligte stiptelik uitvoer.

11.2 Alle afrigters moet beskikbaar wees vir pligte tydens netbaldae en ander tuiswedstryde.

11.3 Tydens weg en tuiswedstryde word daar van afrigters verwag om busdiens te doen. Soms gebeur dit dat die netbalwedstryde lank voor die rugbywedstryde afgehandel is. Die betrokke afrigters wat verantwoordelik is vir daardie dag se busdiens kan met die rugbyafrigters reël wat saam met hulle op busdiens was of dit nodig is dat sy moet wag tot die rugbywedstryde afgehandel is en of alternatiewe reëlings getref kan word.

12. <u>OUERS/TOESKOUERS</u>

12.1 Ouers se ondersteuning word te alle tye hoog op prys gestel.

12.2 Ouers mag nie met spankeuses en oefeninge inmeng nie. Indien 'n ouer 'n probleem/navraag het, moet dit skriftelik by die sporthoof ingedien word (sportnavrae@tjokkies.co.za). Navrae oor logistieke reëlings (bv. wedstryd tye, kleredrag en vervoer) mag egter direk aan die afrigter gerig word.

12.3 Enige ouer wat hom/haar wangedra tydens wedstryde mag deur die betrokke afrigter, organiseerder, sporthoof of skoolhoof gevra word om die terrein te verlaat.

12.4 Indien ‘n ouer hom/haar herhaaldelik aan wangedrag skuldig maak, sal die Beheerliggaam teen die ouer optree.

12.5 Geen ouers mag op die baan wees tydens wedstryde nie.

**GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM IN NOVEMBER 2025**

______________________

Mnr Wessel Groenewald

Voorsitter van die Beheerliggaam

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.co.za | www.tjokkies.co.za